Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 13 MAART 2013 OM 09:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H H Hunsinger

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2013

Met verwysing na item 7.13: "Pad vorentoe met Malmesbury Kleinboere en Darling Kleinboere", word bevestig dat die kontrak met die Darling Kleinboere nagegaan is waarin Februarie 2018 as die keerdatum bevestig word.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit oor die hernuwingsklousule wat bepaal dat kontrakbreuk bewys moet word, alvorens die kontrak opgesê kan word. Rdh T van Essen versoek dat die moontlikheid van 'n nuwe ooreenkoms ondersoek word.

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 13 Februarie 2013 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 6 MAART 2013
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 MAART 2013

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die vervanging van item 6.4, sien item 6.1.1 hieronder.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2013

6.1.1 ITEM 6.4 (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE): VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAAS ROZENBURG, NO 771, AFDELING MALMESBURY (15/3/6-15) (15/3/3-15)

Aansoek word gedoen vir die hersonering en onderverdeling van gedeeltes van die restant plaas Rozenburg no. 771 geleë in die Malmesbury dorpsgebied vanaf landbousone I na onderverdelingsgebied ten einde nywerheidserwe te skep.

Die Munisipale Bestuurder hou die wysigings voor en meld dat die eindresultaat ten opsigte van die bou van paaie, hangende ITS se aanbevelings, weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word.

BESLUIT

A Dat die hersonering van 'n gedeelte van die restant plaas Rozenburg no. 771 (groot ±19,9ha), geleë in die Malmesbury dorpsgebied ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf landbousone I na onderverdelingsgebied goedgekeur word ten einde die volgende grondgebruiksregte te skep:

- 19 Nywerheidsone I erwe (gesamentlike grootte van ±17,3ha)
- 1 Vervoersone II erf – pad (groot ±2.6ha); en

dat hierdie goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

(a) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 2 jaar geldig is;
(b) dat die grondgebruike van die nywerheidsone I erwe beperk word tot ligte-/diensnywerhede;

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van die restant van plaas Rozenburg no. 771 (groot ±1057,51ha), Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±1037ha) en gedeelte A (±19,9ha) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

6.1.1/...

(a) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 5 jaar geldig is;

C Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeelte A (±19,9ha) van die restant plaas Rozenburg no. 771, Afdeling Malmesbury in 20 gedeeltes (±9150m² elk) en ‘n pad (±2,6ha) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING/ BOUBEHEER

(a) dat die nodige bouplanne by die Departement Ontwikkelingsdienste vir oorweging ingedien word, alvorens met enige bouwerke 'n aanvang geneem word;

(b) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 5 jaar geldig is;

C2 WATER

(a) dat die ontwikkeling voorsien word van ‘n interne waterverspreidings-netwerk wat op ‘n geskikte plek aansluit by Malmesbury se watervoorsieningstelsel;

(b) dat die interne en eksterne waterdienste ontwerp moet word deur ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebring word;

(c) dat die eksterne waterdienste beplan moet word ooreenkomstig die watermeesterplan vir Malmesbury. Hiervoor moet die ontwikkelaar skakel met GLS Raadgewende Ingenieurs vir detail met betrekking tot die watermeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat waterverspreiding aan die voorgestelde ontwikkeling;

(d) dat die interne verspreidingsnetwerk en die grootmaat voorsienings-geleiding deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C3 RIOOL

(a) dat die ontwikkeling van ‘n interne rioolverspreidingsnetwerk wat op ‘n geskikte plek aansluit by Malmesbury se rioolvoorsieningstelsel voorsien word;

(b) dat die interne en eksterne riooldienste deur ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000 ontwerp word. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebring word;

(c) dat die eksterne riooldienste ooreenkomstig die rioolmeesterplan vir Malmesbury beplan moet word. Hiervoor moet die ontwikkelaar met GLS Raadgewende Ingenieurs skakel vir detail met betrekking tot die rioolmeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat rioolverspreiding aan die voorgestelde ontwikkeling;

(d) dat die interne verspreidingsnetwerk en grootmaat voorsieningsgeleiding deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C4 STRATE EN STORMWATER/...

6.1.1/...

C4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat alle stormwater vanaf die ontwikkeling ondergronds gevoer word tot die naaste geskikte versamelpunt;

(b) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van ‘n ondergrondse stelsel wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;

(c) dat die ontwikkelaar die voorgestelde ontwikkeling voorsien van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer;

(d) dat die interne paaie en stormwaterstelsel deur die munisipaliteit oorgeneem word;

(e) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die paaie en stormwaterafvoerstelsel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die paaie en stormwaterafvoerstelsel;

(f) dat, met inbegrip van die voorwardes van artikel 42 van LUPO en die hef van werklike kapitaalbydraes ingevolge die bestaande beleid, dat Swartland Munisipaliteit dit as ‘n voorwaarde stel dat ‘n verbindingspad vanaf die Klipheuwelpad (R302) na die ontwikkelingsgebied en/of die ontwikkelingsgebied met die Kalbaskraalpad (Afdelingspad) gebou moet word, welke besluit ten opsigte van die bou van paaie eers gefinaliseer sal word (deur besluitneming van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee) wanneer die status en klassifikasie bepaal is deur die ondersoek van ITS;

(g) dat daar kennis geneem word dat die bou van voormelde paaie se koste ingevolge die beleid teen die kapitaalbydraes verreken sal word;

C5 ELEKTRISITEIT

(a) dat volledige ingenieursplanne vooraf aan die Munisipaliteit voorgelê moet word, aangesien daar 'n mediumspanning netwerk geskep moet word vir die voorgestelde ontwikkeling. Die werklike kostes in verband met die skep van die netwerk is vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

C6 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;

(b) dat die vullisverwyderingstarief vir besighede aangepas sal word volgens die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

C7 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde onderverdeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

C8 KAPITAALBYDRAES/...

6.1.1/...

C8 KAPITAALBYDRAES

(a) dat die ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit op R 9 815,40 (BTW ingesluit) per kliloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R 9 815,40/kl AADD, BTW ingesluit). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydraes ten opsigte van grootmaatdienste is betaalbaar ooreenkomstig die Munisipaliteit se “Greenfields” beleid vir die heffing van vaste kapitaalbydraes en sal bereken word sodra inligting met betrekking tot die dekkingsoppervlakte beskikbaar gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium;

C9 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;

(b) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

C10 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

(a) dat daar aan die voorwaardes soos opgelê deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die omgewings-goedkeuring gedateer 26 November 2012, met verwysingsnommer [E12/2/4/1-F5/14-3115/11] voldoen word;

C11 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 is daar ‘n 5m boulyn van toepassing langs Afdelingspad 1164;

(b) dat ingevolge artikel 9 van Wet 21 van 1940 is daar ‘n 95m boubeperkingslyn langs Afdelingspad 1111;

(c) dat die onderverdeling geskied soos voorgehou in hierdie aansoek;

(d) dat geen nuwe toegange geskep of bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;

(e) dat hierdie goedkeuring slegs betrekking het op die voorgelegde aansoek en behels nie vrystelling van enige ander wetlike voorskrifte nie;

C12 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

(a) dat enige ontwikkeling binne die 1:100 jaar vloedlyn of rivieroewer-habitat ‘n watergebruik lisensie benodig in terme van artikel 21 (c) en (i) van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) en sal dit eers goedgekeur moet word voordat enige ontwikkeling mag voortgaan. Die ontwikkelingsplan wat beide die 1:50jaar vloedlyn en 1:100 jaar vloedlyn aandui moet beskikbaar gestel word aan die Departement van Waterwese;

(b) dat geen besoedeling van oppervlakwater of grondwaterbronne deur die aktiwiteite op die eiendom(eiendomme) mag plaasvind nie;

6.1.1(C12)/...

(c) dat olie van die voertuie op die perseel beheer moet word om so besoedling van waterbronne te verhoed;

(d) dat maatreëls om die onwettige storting van konstruksiemateriaal te verhoed in plek gestel moet word, siende dat dit mag lei tot die besoedeling van oppervlak afloopwater;

(e) dat stormwaterafloop beheer moet word om te verseker dat die aktiwiteite op die terrein nie sal lei tot besoedeling êrens anders nie;

(f) dat geen oppervlak- of ondergrondse water onttrek mag word sonder die voorafverkreë toestemming van die Departement nie, behalwe as dit ‘n skedule 1 gebruik of ‘n bestaande wettige gebruik is;

(g) dat soliede afval gestort word by ‘n lisensieerde stortingsterrein en bestuur word volgens die voorskrifte van die relevante wetgewing;

(h) dat alle relevante artikels en regulasies van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) met betrekking tot die gebruik van water aan voldoen moet word.

7. NUWE SAKE

7.1 RAADSLIDVERGOEDING, TOELAES EN BYVOORDELE (5/10/1)

Die verhoging in salarisse, toelaes en voordele van raadslede is op 7 Desember 2012 in Staatskoerant Nr. 35962 afgekondig en aan die Raad voorgelê op 31 Januarie 2013.

Die Raad het besluit om sekere aspekte terug te verwys na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en administrasie ten einde die bekostigbaarheid daarvan te oorweeg, en word gevolglik –

BESLUIT (vir aanbeveling aan die munisipale raad op 28 Maart 2013)

A. Mobiele datakaarte

(a) Dat geen vaste maandelikse toelaes betaalbaar sal wees aan munisipale raadslede vir die gebruik van mobiele datakaarte nie;

(b) Dat daar egter slegs ten opsigte van voltydse raadslede toegelaat sal word dat ‘eenmalige’ eise van tyd tot tyd by die Uitvoerende Burgemeester ingedien mag word om vergoeding uit te betaal vir datakaarte, op voorwaarde dat sodanige eise beperk sal word tot die gebruik van datakaarte vir amptelike besigheid wat verrig word weg van die munisipale hoofkantoor;

B. “Tools of trade”

Dat die volgende “tools of trade” slegs aan voltydse raadslede beskikbaar gemaak sal word:

Kantoorakkommodasie en –toerusting; parkeerplekke; besigheidskaartjies; sakrekenaars; briefhoofde; skryfbehoeftes; drukkersink (‘toner cartridges’); dagboeke; posgeld; kantoortelefoon; en toepaslikse mobiele tegnologie en multi-digitale kantoor, ingesluit skoot- en/of ‘desktop’ rekenaar, drukker, fotokopieë en ‘scanner’.

C. Reistoelaes vir amptelike besigheidsreise

Dat, met ingang vanaf 1 April 2013, reistoelaes geëis mag word uit hoofde van die Raad se Beleid insake die Betaling van Reis-, Akkommodasie- en Verblyfkostes vir amptelike besigheidsreise wat gemaak word na en van die ‘munisipale kantore’ en ‘werksplekke’ soos hieronder gedefinieer:

7.1/...

(a) Ten aansien van **voltydse raadslede**, sal 'munisipale kantore' verwys na:

Malmesbury, in die geval van rdle T van Essen, C Hunsinger, M Goliath, R van der Westhuizen en N J A Rust
Riebeek Kasteel, in die geval van rdl W Wilskut
Moorreesburg, in die geval van rdl M van Zyl

(b) Ten aansien van **deeltydse PR (proporsionele) raadslede**, sal 'plaaslike munisipale kantore' verwys na Malmesbury Hoofkantoor (t.o.v. O M Stemele, B W Geel, C M Cloete, D B Philander, C Fortuin, A M Sneewe, F S Humphreys, J I van der Merwe, Y S Cox-Bruintjies)

(c) Ten aansien van **deeltydse Wyksraadslede**, sal 'gewone werksplek' verwys na:

Moorreesburg, in die geval van rdl C H Papers
Riebeek-Wes, in die geval van rdl Z-M Abrahams
Chatsworth, in die geval van rdl B J Stanley
Darling, in die geval van rdle J H Cleophas en M Rangasamy
Malmesbury, in die geval van rdle A C Sedeman en N S Zatu

(d) Dat 'amptelike besigheidsreise' sal verwys na reise gemaak deur raadslede in die uitoefening van funksies en verpligtinge binne sowel as buite die area van jurisdiksie van die munisipaliteit, bv. om vergaderings by te woon, om die munisipaliteit te verteenwoordig by 'n konferensie, werkwinkel, vergadering, seminaar of vir enige ander amptelike verpligting;

(e) Dat kennis geneem word dat alle reis-eise aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word in terme van die bovermelde raadsbeleid;

(f) Dat die Raad se Beleid insake die Betaling van Reis-, Akkommodasie- en Verblyfkoste gewysig word om die bostaande beleidsriglyne te akkommodeer;

(g) Dat die Munisipale Bestuurder en Direkteur Finansiële Dienste versoek word om op 28 Maart 2013 om 14:00 'n werkwinkel in die Banketsaal te hou vir alle belangstellende raadslede om die inhoud van bostaande te verduidelik asook die prosedures wat in terme van die beleid gevolg moet word met ingang vanaf 1 April 2013.

7.2 MUNISIPALE BESTUURDER: AANSOEK OM VERLOF (4/8/3)

'n Aansoek om verlof is deur die Munisipale Bestuurder ingedien vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeeesterskomitee.

BESLUIT

Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir Vrydag, 22 Maart 2013 goedgekeur word.

7.3 GOEDKEURING EN IMPLEMENTERING VAN DIE "ENTERPRISE RISK MANAGEMENT POLICY" (5/15/1/1)

Die doel van die beleid is om die Munisipaliteit in staat te stel om risiko's te identifiseer wat dienslewering en ander doelstelling van die Munisipaliteit bedreig. Die risiko-bestuursproses moet deur middel van 'n geïntegreerde benadering regdeur die Munisipaliteit toegepas word ten einde sukses te verseker.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag oorsigtelik, met spesifieke verwysing na die voorgestelde 'risk appetite' vlakke wat baie 'hoog' gestel word. Die Munisipale Bestuurder verwys ook na die 'Chief Risk Officer' wat op streeksvlak deur middel van die 'Shared Services-model' aangestel sal word om munisipaliteite by te staan om risikobestuurs-praktyke te vestig.

7.3/...

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die aanvaarding en implementering van die "Enterprise Risk Management Policy" aangesien dit die volgende voordele vir die Munisipaliteit inhou, naamlik:

- meer doeltreffende, betroubare en koste effektiewe dienslewering;
- meer betroubare besluitneming;
- vermindering in vermorsing en bedrog;
- minder verrassings en krisisse deur bestuur in 'n posisie te plaas om doeltreffend met potensiële nuwe en opkomende risiko's te handel wat onsekerheid mag skep;
- voorkom dat Munisipaliteit se beeld en reputasie skade mag ly;
- verseker doeltreffende verslagdoening en nakoming van wetgewing en regulasies;
- beter waarde vir geld deur die effektiewe, doeltreffende en ekonomiese gebruik van skaars hulpbronne; en
- beter uitsette en uitkomste deur middel van verbeterde projek- en programbestuur;

(b) Dat die risiko-aptytsvlak ('risk appetite level') van 15 – Impact x Likelihood = 15 (5x3) & (3x5) aanvaar word;

(c) Dat risiko-toleransie-vlakke ('risk tolerance level') van 16 (4x4) en hoër nie verduur sal word nie.

7.4 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE FINANSIËLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 NOVEMBER 2012, ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 DESEMBER 2012 (11/1/3/1/7)

Die notule, asook die halfjaarlikse verslag van die Munisipale Finansiële Ouditkomiteevergadering is met die sakelys gesirkuleer en bevat geen aanbevelings vir verdere oorweging en besluitneming deur die Raad nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipaliteit se Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 28 November 2012 asook die halfjaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 31 Desember 2012.

7.5 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULD T.O.V. GEWONE DEBITEURE, DESEMBER 2012 (5/7/1/1)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel en word gevolglik voorgelê vir afskrywing.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat Swartland Munisipaliteite een van die min munisipaliteite is wat op 'n kwartaallikse basis afskrywings doen. Sedert 2009 is bykans R6 miljoen afgeskryf, wat neerkom op ±R1,6 per jaar. Die Burgemeester noem verder dat dit kommerwekkend is dat tussen 85% tot 90% van afskrywings op datum uitstaande skuld ten opsigte van water reflekteer.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R133 755,00 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burge-

7.5(b)/...

meesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

(e) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;

(f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word.

7.6 AFSKRYWING VAN SKULD T.O.V. DEERNISHUISHOUDINGS, DESEMBER 2012 (5/7/1/1)

'n Skedule van verbruikers wat Equitable Share vanaf die Raad ontvang, maar steeds gelde verskuldig is wat nie na stappe deur die Kredietbeheerafdeling ingevorder kon word nie, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R289 244,05 soos per die aangehegte skedule afgeskryf word as oninvorderbaar;

(b) Dat indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;

(d) Dat verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;

7.6/...

(e) Dat die werklike bedrag afgeskryf, nadat hierdie voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gemaak was, weer tydens die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering voorgelê sal word;

(f) Dat enige BTW op dienste gehef op die gebruiklike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word;

(g) Dat die Kredietbeheerafdeling persoonlike besoeke aan elke Equitable Share huishouding bring ten einde die afskrywing te verduidelik en die implikasie van toekomstige verpligtinge van "verantwoordelike verbruikers" aan hulle duidelik te maak, veral betreffende oormaat water.

7.7 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2013 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Februarie 2013.

7.8 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit oor die feit dat die versekeraar uitbetalings doen aan verkeerde munisipaliteite, of aan verskaffers in plaas van die Munisipaliteit.

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld ook dat daar, met betrekking tot eise van derde partye, beleidsriglyne oorweeg sal moet word om die omvang van aanspreeklikheid van die Munisipaliteit ten aansien van eise van derde partye te kan bepaal.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HOOFRIOOL, ERF 7696, MALMESBURY (16/3/1/5)

'n Hoofrioolgeleiding wat riool vanaf Wesbank na die rioolsuiweringswerke vervoer, kruis erf 7696 waarop die Bokomo Pasta-fabriek geleë is. Vroeëre uitbreiding en aanbouings aan die fabriek was aangebring bo-oor die betrokke pypleiding.

'n Rioolverstopping het in November 2012 reg onder die fabriek voorgekom wat veroorsaak is deur 'n klip wat vasgevang was in die pyplyn. 'n Spesialis firma het die klip verwyder, maar is die pypleiding in die proses beskadig. Die pyp is herstel deur 'n voering aan te bring, maar het dit die pyp vernou wat verdere verstoppings veroorsaak het. Die pyp is ook nie heeltemal dig nie en riool syfer op verskeie plekke uit.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die hoofrioolgeleiding en wel om die volgende rede:

dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word as gevolg van die besoedeling wat voorgekom het en om die onderbreking in noodsaaklike dienslewering te beperk;

7.9/...

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word en die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawe 'n bedrag van R210 330,00 (BTW uitgesluit) beloop en teen posnommer 59-76-30-00-0280 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 OMSKEPPING VAN HUGENOTESTRAAT IN 'N EENRIGTINGSTRAAT (16/5/R)

'n Ondersoek is onderskeidelik deur die Departement: Siviele Ingenieursdienste en die Departement: Beskermingsdienste gedoen om die wenslikheid van die omskepping van Hugenotestraat in 'n eenrigtingstraat te oorweeg.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die daarstel van 'n eenrigtingstraat tussen Lowry Cole- en Croeserstraat waarskynlik ook in die toekoms oorweeg sal moet word.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die Direkteur: Beskermingsdienste volstaan by die aanbeveling van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, naamlik:

(a) dat dit op hierdie stadium nie wenslik beskou word om Hugenotestraat tussen Lang- en Lowry Colestraat in 'n eenrigtingstraat te verander nie;

(b) dat sperstrepe aangebring word voor voet- en motoringange van eiendomme aangrensend tot Hugenotestraat tussen Lang- en Lowry Colestraat.

7.11 AANSOEK OM WYSIGING VAN 'N GOEDKEURINGSVOORWAARDE MET BETREKKING TOT DIE HERSONERING EN AFWYKING VAN ERF 7223, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/4-8) (WYK 10)

Die aansoek om wysigings van sekere goedkeuringsvoorwaardes ten opsigte van die aansoek om hersonering en afwyking van erf 7223, Malmesbury het op 23 Januarie 2013 voor die Uitvoerende Burgemeestereskomitee gedien.

Die kapitaalbydraes is foutief bereken, en word –

DERHALWE BESLUIT

Dat die aansoek om wysiging van die goedkeuringsvoorwaarde B4(a) van die Raadsbesluit gedateer 23 Januarie 2013 rakende die aansoek vir die wysiging van die goedkeuringsvoorwaardes van die Raadsbesluit gedateer 18 April 2007 van hersonering en afwyking op erf 7223, Malmesbury, ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985, soos volg goedgekeur word:

"... B4 Kapitaalbydrae

(a) dat 'n vastekoste kapitaalbydrae ten bedrae van R15 198,00 op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word..."

7.12 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP)

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die wysigings soos aangebring deur die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP).

BESLUIT/...

7.12/...

BESLUIT

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die vyf Areaplanne oorweeg en na die Raad vir goedkeuring as konsepplanne verwys word, waarna 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2013 gevolg sal word.

7.13 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2013/2014, 2014/2015 EN 2015/2016 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Direkteur: Finansiële Dienste behandel die konsep begrotings en noem, met verwysing na die wysigingsbladsye wat uitgedeel is, dat die watertarief vanaf 10,4% na 6% aangepas is en dat die riooltarief oor 'n termyn van vyf jaar ge-egaliseer is.

Die Direkteur: Finansiële dienste verwys verder na 'n ondersoek na ABC om handelstariewe vas te stel wat koste-reflekterend is en dat dit moontlik met behulp van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool onderneem sal word.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit oor die groot salarisuitgawe, wat 'n ondersoek vereis na die produktiwiteit van alle werknemers in die organisasie, en 'n streng ingryping noodsaak om oorlewing te verseker. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die uitdaging kollektief aanvaar word om inisiatiewe hieromtrent te loods.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die munisipale raad op 28 Maart 2013)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

			Histories:		Tans:
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2012/2013**	**R 86 848 463**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting	**:**	**2012/2013**	**R**	**R 89 008 975**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2013/2014**	**R**	**R 94 064 336**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 73 545 967**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 73 304 760**
(2)	**Bedryfsbegroting Totale Inkomste**	**:**	**2012/2013**	**R 413 711 316**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**:**	**2012/2013**	**R**	**R 422 971 862**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 476 410 884**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 504 948 129**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 528 353 315**
	Uitgawe	**:**	**2012/2013**	**R 439 237 837**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**:**	**2012/2013**	**R**	**R 436 386 824**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 473 109 834**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 528 203 388**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 557 011 746**
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	**:**	**2012/2013**	**-R 25 526 521**	**R**
	Aansuiweringsbegroting	**:**	**2012/2013**	**R**	**-R 13 414 961**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 3 301 050**
		:	**2013/2014**	**R**	**-R 23 255 259**
		:	**2015/2016**	**R**	**-R 28 658 431**

(b) Dat die begrotingsbedrae weens publieke kommentaar nie as finaal aanvaar word nie, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde effek van 'n tariefverhoging op 'n huishouding nie;

7.13/...

(c) Dat die Raad kennis neem van die voorlopige tariefverhoging in terme van elektrisiteit van 8% soos deur ESKOM voorgeskryf. Dit word aanbeveel dat die Raad die elektrisiteitstarief met 6.8% gemiddeld verhoog, met die uitsondering van sekere tariewe soos aangeheg. Dat verder kennis geneem word van die verwagte verhogings oor die volgende twee finansiële jare van 7% vir 2013/2014 en 7.3% vir 2014/2015. Dit word verder voorgestel dat die goedgekeur elektrisiteits-tariewe vir 2013/2014 aan NERSA gestuur word vir hul finale goedkeuring;

(d) Dat die konsep kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2013/2014 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –

- belastings;
- tariewe;
- projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – (Mei 2013 Raadsvergadering)
  - (ii) Tariefbeleid – (Mei 2013 Raadsvergadering)
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – (Mei 2013 Raadsvergadering)
- besonderhede ten aansien van beleggings – (aangeheg)
- toelaes en voordele van ampsdraers en personeel met spesifieke verwysing na die pakkette van die bestuurspan - (Mei 2013 Raadsvergadering);

(e) Dat kennis geneem word dat weens die SMAF wat op 11 Maart 2013 gehou was en waar die GOP en Begroting reeds ter tafel gelê was, daar nie weer 'n oorlegplegingsproses met die gemeenskap gereël is vir April 2013 nie, maar dat die Uitvoerende Burgemeester van voorneme is om met geselekteerde groepe gedurende hierdie tydperk te konsulteer.

(f) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes ingevolge begrotings-omsendbriewe en –formate ten opsigte van verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(g) Dat kennis geneem word dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(i) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes, waarvoor 7% ten opsigte van sowel 2013/2014 as 2014/2015 begroot word, en 'n verhoging van 7% ook vir 2015/2016 te wagte is, teen die agtergrond van die kollektiewe ooreenkoms ingevolge waarvan salarisaanpassings soos volg ooreengekom is:

- vir die 2013/2014 finansiële jaar 'n aanpassing gebaseer op die gemiddelde Verbruikersprysindeks (VPI) plus 1,25%;
- vir die 2014/2015 finansiële jaar, 'n aanpassing gebaseer op die gemiddelde VPI plus 1%.

(j) Dat kennis geneem word dat onbekostigbare tariewe en belastingrekeninge 'n verdere las op slegte skuld (uitstaande debiteure) plaas, wat lei tot 'n negatiewe kontantvloei met die gevolg dat krediteure en salarisse nie betaal sal kan word nie. Die negatiewe impak kan verder tot gevolg hê dat die Raad nie langer in 'n posisie sal wees om sy pligte ten opsigte van dienslewering na te kom nie. Die gemiddelde verhoging op 'n huishouding vir 2013/2014 sal ongeveer 7,5% wees;

(k) Dat/…

7.13/…

(k) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekorte in die bedryfsbegroting en inligting vervat in die nuut ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige en daaropvolgende finansiële jare. Dat, veral kennis geneem word van die daling in kontant en kontantdekking wat minder is as die risiko-faktor van tussen 4 en 2 vir die buite jare (*outer years)*. Vir die volgende drie finansiële jare sal daar 'n bedryfsurplus wees van R 3 301 050 in 2013/2014 en bedryfstekorte van R 23 255 259 in 2014/2015 en R 28 658 431 in 2015/2016.

7.14 VOORLEGGING VAN 'N VOORLOPIGE 2013/2014 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die SDBIP nog onvolledig is, en voorgelê word weens die druk om te voldoen aan Tesourie se vereistes (in stryd met wetgewing) om dit saam met die 90 dae begroting voor te lê.

Daar sal sover moontlik gepoog word om die SDBIP teen einde Maart gereed te hê vir voorlegging aan die Raad, maar mag dit wees dat die finale uiteensettings van aktiwiteite vir die kapitaalprojekte eers teen einde Mei gefinaliseer sal wees.

BESLUIT

Dat die 2013/2014 dienslewering- en begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n voorlopige dokument aanbeveel word aan die Raad op 28 Maart 2013 vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.15 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI's) EN TEIKENS VIR 2013/2014 (2/1/4/4/1)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2011 (R796 gedateer 24 Augustus 2011) bepaal dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, moet wysig.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die nuwe sleutelprestasie-aanwysers in drie komponente verdeel is, naamlik (1) die wat geredelik aan die SMART-vereistes voldoen, (2) die wat met 'legal compliance' te doen het en (3) die wat voortspruit uit Hoofstuk 7 van die GOP.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as konsep goedgekeur word vir die doeleindes van publieke insette en kommentaar;

(b) Dat die KPI's en teikens saam met die konsep hersiening van die GOP geadverteer word in April 2013.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER